

Vuk'uzenzele

Produced by: Government Communication & Information System (GCIS)

English/Afrikaans

Mei 2021 Uitgawe 1

	<p>Thanking our nurses</p> <p>Page 4</p>			<p>Encouraging ECD centres to grow</p> <p>Page 5</p>
---	---	--	---	---

Vaccine registration open to the public

Government has officially launched the Coronavirus (COVID-19) vaccine online registration for the public – as the Department of Health gears up for phase two of the country’s vaccine rollout.

Health Minister, Dr Zweli Mkhize, invited all citizens aged 60 years and above to register for vaccination on the Electronic Vaccination Data System (EVDS).

“This launch marks a significant milestone not only for our vaccination campaign but for South Africa’s advancement towards Universal Health Coverage,” said the Minister.

One digital system

He explained that this was the first time in democratic history that a major public health campaign will be supported by one digital system for all South Africans.

“The President, myself,



hundreds of thousands of healthcare workers and now you, the citizens of

South Africa, have or will access the vaccines through the same process, by using

this system.”

He said there will be no distinction between pri-

vate and state healthcare users, except that private healthcare users will need to share their medical aid details.




“The quality of services will be the same for all of us and the system will assign a vaccination site closest to our homes or where we work and not based on whether a particular site is a public or private facility.”

Citizens must have their ID number, medical aid number, if they have one, and ensure they put in the correct cellphone number and residential address.

Registration on the EVDS does not guarantee that you will be vaccinated immediately.

“We will use the information you provide when you register to communicate with you about the vaccination programme when necessary,” explained the Minister.

Cont. page 2

	<p>To read Vuk'uzenzele download the GOVAPP on:</p> <div style="display: flex; justify-content: space-around;"> <div data-bbox="484 2600 700 2678">  </div> <div data-bbox="783 2600 990 2678">  </div> </div> <p>Search for SA Government on Google playstore or appstore</p>	<p>CONTACT US</p> <p>Website: www.gcis.gov.za Email: vukuzenzele@gcis.gov.za www.vukuzenzele.gov.za Tel: (+27) 12 473 0353</p> <p>Tshedimotsetso House: 1035 cnr Frances Baard and Festival streets, Hatfield, Pretoria, 0083</p>
---	--	--



Durban-hawe skep 'n see vir SA van geleenthede

Ek het onlangs die Durban-hawe besoek om te gaan kyk na die werk wat verrig word om die hawe meer doeltreffend en mededingend te maak.

Ek het, na 'n inligtingsessie met Transnet se senior bestuur, per sleepboot deur die hawe getoer. Sleepbote word gewoonlik gebruik om groot skepe deur die ingangskanaal na die dokke te begelei.

Met dié dat ek die bedrywighede in en om die hawe vanaf die water kon aanskou, het ek weereens die reuse omvang en ingewikkeldheid daarvan besef.

As die hawe nie doeltreffend funksioneer nie, lei die hele ekonomie daaronder — van invoerders en uitvoerders tot verbruikers.

Aan die ander kant, as die hawe doeltreffend funksioneer kan dit ekonomiese groei dryf en ons ekonomie posisioneer as 'n poort tot die streek en ook die kontinent.

Toe ek in Oktober 2019 Durban besoek het, het baie plaaslike besighede en gebruikers van die hawe hul besorgdheid oor die werksverrigting van die Durban-hawe met my gedeel.

Skeepsmaatskappye, in besonder, het hul kommer uitgespreek oor verkeersopeenhopings met betrekking tot vervoertrokke en wagtye, verdragings in ankerlegging en verankering, swak instandhouding van toerusting en algemene lae produktiwiteit in die hawe.

My onlangse besoek aan die hawe was om te gaan kyk



of die verbintenisse wat na aanleiding van dié kwessies aangegaan is, wel geïmplementeer is.

Daar is werklik oor die afgelope jaar groot vordering gemaak om die werksverrigting van die hawe om te swaai, ten spyte van KOVID-19 se impak.

Dié harde werk toon reeds resultate in die verbeterde instandhouding van toerusting, verminderde verkeersopeenhopings, korter omkeertye en meer gebruik van spoorvervoer eerder as padvervoer.

Dié vordering is belangrik, maar daar is nog baie werk wat gedoen sal moet word om Durban as 'n wêreldklashawe en middelpunt in die Suidelike Halfrond te posisioneer.

Die hawe het oor die afgelope paar jaar van sy posisie as die nommer een hawe in Afrika tot nommer drie gedaal; na Tangier in Morokko en Port Said in Egipte.

Omkeertye in trokvervoer het reuse vordering getoon.

So ook het die betroubaarheid van skeepslandingtoerusting tot 80% verbeter en is dit vinnig oppad na minstens 95% om internasionale standaarde te haal. Skeepswagtye het tot indrukwekkende vlakke gedaal.

Dié statistieke mag dalk tegnies en duister voorkom, maar dit het 'n direkte invloed op ons ekonomiese groei en op die pryse wat ons as verbruikers betaal.

Ons het die verbetering van die doeltreffendheid van ons hawens as deel van Operasie Vulindlela 'n prioriteit gemaak en fokus daarop om Transnet, een van ons waardevolle staatsbeheerde ondernemings, te herbou.

Transnet se nuwe bestuur en hul bedryfsafdelings is spits gefokus op die omkeer van die hawe se werksverrigting.

Die bestuur het ambisieuse en opwindende planne vir die uitbreiding vir al vyf van die hawe se pole.

Dit sluit in die verdieping van

die Maydon-kaai om groter, meer moderne skepe in staat te stel om die hawe binne te vaar, die invulling van Pier 1 en Pier 2 om ekstra kapasiteit te skep vir houters, en die ontwikkeling van 'n nuwe hou-erterminaal in die Point-pool.

Die uitbreiding van die hawe sal altesaam R100 miljard in nuwe beleggings oor die volgende dekade en langer benodig. Dit gaan die hawe heeltemal van gedaante laat verwissel en sy kapasiteit vir die hantering van skeepshouers verhoog van 2.9 miljoen eenhede tot meer as 11 miljoen eenhede.

Dié ambisieuse planne gaan groter deelname en belegging van die privaatsektor vereis. Transnet, waaronder die Durban-hawe, is 'n belangrike nasionale bate wat aan die mense van Suid-Afrika behoort.

Vennootskappe met die privaatsektor is noodsaaklik om nuwe beleggings, tegnologie

en kundigheid tot hawebedrywighede by te dra en om die toerusting en infrastruktuur te moderniseer.

Transnet beplan byvoorbeeld om later vanjaar 'n konsessie te adverteer om die nuwe Point-terminaal te bou en te bestuur. Dit sal privaatbeleggings lok en die doeltreffendheid van die hantering van skeepshouers verbeter.

Ons is, deur middel van ons herbouproses, besig om stelselmatig die doeltreffendheid van ons hawens en spoorweë te verbeter en reuse belegging in infrastruktuur te ontsluit. Dit sal nie net kostes verlaag en die mededingendheid van ons uitvoere verbeter nie, maar ook in die proses duisende werksgeleenthede skep.

Durban-hawe sal, danksy bedryfsverbeteringe en struktuurhervorming, weer sy plek as die top-presterende hawe in Afrika kan inneem.

Ons sal, as deel van ons herbou- en herstelplan, voortgaan om onvermoed te werk om ons infrastruktuur uit te brei en ons netwerkbedryfssektor te hervorm.

As my besoek aan Durban my een ding laat besef het, is dit dat ons as Suid-Afrikans in staat is om projekte van reuse belang en skaal suksesvol uit te voer.

Ons ambisies behoort die hoogtes van ons uitdagings te ewenaar.

Met die vordering wat ons by Durban-hawe maak, met die heropgewekte vaardighede en vermoëns wat ons in Transnet sien, het ons nou die wind van agter en ons vaar met gebolde seile na ons bestemming. **U**

Ons bedank ons verpleërs

Allison Cooper

Die land se verpleegkundiges, saam met ander mediese personeel, waag hul lewens om ander tydens die Koronavirussiekte-pandemie (KOVID-19) te help.

Internasionale Verpleegsterdag, op 12 Mei, is 'n geleentheid om verpleegsters vir hul diens aan ander te vereer.

Professionele verpleër, Luyanda Ganuganu (25), van Grootte Schuur Hospitaal in die Wes-Kaap, sê die dag is ook 'n geleentheid vir verpleegkundiges om voort te gaan om die helder lig van hul beroep te laat aanhou skyn.

"Dit is 'n geleentheid

vir verpleegkundiges om erken te word, maar ons moet ook voortgaan om gehaltesorg te bied, veral tydens die pandemie," sê hy.

Ganuganu was gedurende die pandemiese eerste en tweede golf in die voorste linie en het in die hospitaal se hoërsorg-KOVID-19-saal gewerk.

"Die beste deel was die ervaring wat ek opgedoen het terwyl ek met pasiënte gewerk het, maar die ergste deel was al die sterftes wat in die saal voorgekom het. Dit was op emosionele vlak nie maklik nie."

Ganuganu, wat die afgelope twee jaar reeds 'n professionele verpleër is, het dié beroep gekies omdat hy lief is

daarvoor om mense te help.

"Ek het in 'n landelike gebied in die Oos-Kaap grootgeword en kon sien hoe mense sukkel weens 'n gebrek aan klinieke met verpleegsorg. Dit het gelei tot my passie om 'n verskil te wil maak," sê hy.

Ganuganu moes gedurende die pandemie leer om onder druk te werk. "Besluite moet baie vinnig geneem word en jy moet op jou voete kan dink. Ek het ook geleer om met pasiënte te kommunikeer," voeg hy by.


Ganuganu het dit bitter moeilik gevind om gedurende die tweede golf werk toe te gaan. Alhoewel hy ander mense wou help, het hy ook vir sy

eie familie se gesondheid gevrees.

"Ek is in Desember 2020 getroud en my vrou is swanger. Ek het heelwat swanger vroue in die KOVID-19-saalsiensterf. Ek moes selfs nog versigtiger as voorheen wees omdat ek nie my vrou se lewe in gevaar wou stel nie," sê hy. Ganuganu is dankbaar teenoor sy bestuurders en kollegas.

"Ek wil hulle bedank vir hul ondersteuning en omdat hulle my die geleentheid gebied het om as 'n verpleër te groei. Dit is 'n ongelooflike ervaring om saam met kollegas te werk wat jonger personeel ondersteun."

Sy boodskap aan die gemeenskap is om ver-




Professionele verpleër Luyanda Ganuganu is in die voorste linie van die stryd teen KOVID-19 by Grootte Schuur Hospitaal.

pleërs te help deur verantwoordelik op te tree.

"Help ons om julle te help. Almal weet wat gedurende KOVID-19 van hulle verwag word. Hou asseblief aan om al die riglyne en protokolle te volg," sê Ganuganu. **U**

Jubilee Hospital facelift eases patient pressure

A NEW TRAINING facility, CT scanner and renovated ward at Jubilee Hospital will result in better patient care.



The renovated ward 4 at Jubilee Hospital will ensure better care for patients.

Kgaogelo Letsebe

Jubilee Hospital in Hammanskraal, Gauteng, has undergone a major facelift and expansion that will see it not only increasing its capacity to handle patients, but also becoming a training facility for medical students.

The Gauteng Department of Health recently unveiled the renovated ward, computerised tomography (CT) scanner and a training lab to be used by medical students.

Gauteng Health MEC, Dr Nomathemba Mokgethi, said the improvements will ease the constant burden on the hospital.

"Because of the hospital's close proximity to the N1 and R101 roads, it has been flooded by trauma and emergency cases as a result of car accidents," she noted.

The renovated ward 4, with 31 allocated beds, will improve the hospital's capacity to handle these cases. The ward was previously closed and will now be used as an orthopaedic ward.

In 2020, the hospital was earmarked to provide Coronavirus Disease services and received an alternative building technology structure with 300 beds.

"The addition of 300 beds to the hospital's existing 551-bed capacity means it is growing

not only in terms of size, but in offering more services to the community.

"At present, the hospital is admitting all surgical patients, including general surgery, orthopaedics, urology, ophthalmology and gynaecology, to the same ward. We will now be able to separate the various units," said Jubilee Hospital Acting CEO, Dr Olebogeng Modise.

The new CT scanner will also mean fewer transfers to Dr George Mukhari Academic Hospital.

A CT scanner enables doctors to examine patients internally through X-ray images taken from different angles. Images of bones, blood vessels and soft tissues can be obtained, thereby providing more detailed information than plain X-rays.

"We are now able to admit more trauma patients and with the CT scanner, we can deal with trauma cases quicker than we were able to in the past," said Dr Modise.

The training facility will be used to train medical students in various fields, including surgery, emergency medicine and obstetrics.